Skool vir SOSIALE en OWERHEIDSTUDIES

• Ons doen dit reg • Re dira sentle • Getting it right

NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
POTCHEFSTROOMKAMPUS



Skool vir Sosiale en Owerheidstudies

Inleiding

Dié Skool bied opleiding wat benodig sal word in beroepe in die 21ste eeu: die vermoë om analities te dink, om tendense in die sosiale werklikheid waar te neem en om geleenthede daarin te ontgin – dit is die vaardighede wat opleiding in die programme en vakke in die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies gee.

Benewens die opleiding van openbare bestuurders verskaf die skool afgestudeerde studente met vaardighede wat nuttig en belangrik mag wees in 'n wye verskeidenheid beroepe soos:

- Projekbestuurders, -ontleders of evalueerders
- Toeristebestuurders en toerleiers
- Beplanners en ontwikkelaars
- Joernaliste
- Onderwysers
- Sosiale navorsers en analiste
- Bestuurders (van 'n gastehuis tot 'n multinasionale korporasie)
- Impakstudienavorsers
- Diplomate
- Entrepreneurs
- Senior staatsdiensamptenare
- Menslike Hulpbronbestuurders
- Politici

Studierigtings

Die programme wat die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies aanbied, is:

- BA Ontwikkeling en Bestuur
- BA Geesteswetenskappe
- Hons BA
- Hons BA (Ontwikkeling en Bestuur)
- MA (Verhandeling)
- PhD (Tesis)
- MA Ontwikkeling en Bestuur (Gestruktureerde meestersgraad)
- MA Volhoubare Ontwikkeling met spesialisasie in Ontwikkeling, Rampbestuur of Waterstudies (Gestruktureerde meestersgraad)
- MA Regeerkunde en Politieke Transformasie (Gestruktureerde meestersgraad)

Die opwindende vakke wat in hierdie skool aangebied word, is ook beskikbaar in 'n wye verskeidenheid ander programme soos:

- BA Kommunikasiekunde
- BA et Sc Stads- en Streekbeplanning,
- BA Sielkunde en Sosiologie en
- BA Maatskaplike Werk.

Vervolgens word die voorgraadse programme behandel:

BA Ontwikkeling en Bestuur

Hierdie program het Openbare Bestuur en Regering as hoofvak wat studente voorberei om 'n positiewe bydrae te maak in die staatsdiens se lewering van dienste aan die samelewing.

Hierdie program word slegs voltyds aangebied en strek oor drie (3) jaar. Tolkdienste is by Openbare Bestuur en Regering se modules beskikbaar en sommige van die ander modules in hierdie program.

Twee kurrikulums is in hierdie program beskikbaar:

Mensehulpbronbestuur en Arbeidsverhoudinge (L300P)

In hierdie kurrikulum word, benewens Openbare Bestuur en Regering, ook Bedryfsielkunde en Bedryfsosiologie tot op derdejaarvlak geneem om studente voor te berei vir die bestuur van menslike hulpbronne en goeie menseverhoudinge in die openbare sektor. Die student sal ná voltooiing van hierdie kurrikulum daartoe in staat wees om leiding binne openbare organisasies te kan neem wanneer menslike hulpbronne bestuur moet word, goeie werksverhoudinge bevorder moet word, dinamiese groepwerk verkry moet word, en in dié proses gemeenskapsbehoeftes hanteer moet word.

Openbare en Politieke Bestuur en Regsvakke (L303P)

Hierdie kurrikulum wil studente veral voorberei om met regsvakke die onderliggende wetlike aspekte (wetgewing) wat die regeerfunksie onderskryf en wat raamwerke aan openbare bestuurders binne die Suid-Afrikaanse regeringstrukture bied, te verstaan. Dit bied ook aan studente vaardighede om regeringsbeleid sinvol en effektief te implementeer en die komplekse politieke situasies deur middel van verworwe regs- en politieke kundigheid te kan interpreteer en bestuur.

Toelatingsvereistes: Graad 12 met universiteitstoelating en 'n M-telling van minstens 13.

Hierdie program bied toelating tot die honneursgrade in Ontwikkeling en Bestuur: Openbare Bestuur en Regering en Ontwikkeling en Bestuur: Volhoubare Ontwikkeling. Die L303P kurrikulum bied ook toelating tot die honneursgraad in Politieke Studies. Die L300P kurrikulum bied ook toelating tot die Honneursgraad in Bedryfsielkunde en Honneursgraad in Bedryfsosiologie.

In die staatsdiens, met vertakkinge soos die nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede, en die verskillende departemente en afdelings daarin, is daar baie beroepsmoontlikhede vir voornemende studente.

BA Geesteswetenskappe (L310P)

Sekerlik een van die opwindendste programme vir voornemende studente is die BA Geesteswetenskappe met al die opsies wat dit aan studente bied. Vanuit die versameling vakke in hierdie program kan studente keuses maak vir 'n groot aantal uiteenlopende en aantreklike beroepe.

Vervolgens gee ons voorbeelde van die vakkombinasies wat studente kan saamstel:

- Bestuurder in openbare sektor:
  Openbare Bestuur en Regering en Politieke Studies as hoofvakke

Die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies besef dat studente met 'n goeie opleiding in Openbare Bestuur en Regering en Politieke Studies 'n verskil mag maak binne Suid-Afrika vandag. Daarom bied die Skool vanaf 2008 'n spesifieke kombinasie van vakke wat vir hierdie doel as die beste beskou word aan – hierdie vakke se modules sal in die klas deur simultane tolking in Engels vertaal word, vir studente wat dit verkies. Hierdie kombinasie van vakke sal uitloop op Openbare Bestuur en Regering en Politieke Studies as hoofvakke in die derde jaar.

- Onderwyser:
  Geskiedenis en Antieke kultuur en 'n taal (byvoorbeeld Afrikaans en Nederlands, Engels, Frans, Duits, Tswana of Zoeloe) as hoofvakke

Voornemende onderwysers sal baat vind om skoolvakke in BA Geesteswetenskappe te neem, omdat dit diep vakonderrig aan studente bied en hulle dan in hulle vierde jaar met die NGO'S kan voorberei vir

die skoolonderrig situasie. Studente sal ook later in hulle hoofvakke nagraadse onderrig kan onderneem.

- Sosiale navorser, analis, ontwikkelaar en beplanner:
  Sosiologie en Sosiale Antropologie

Sosiologie en Sosiale Antropologie bied aan studente 'n in-diepte kennis en begrip van die funksionering van die samelewing wat aangewend kan word om tendense in die samelewing beter te begryp en om met die kennis 'n verskil te maak aan mense se lewensgehalte.

- Kultuurhistorikus, navorser:
  Sosiale Antropologie en 'n vak soos Geskiedenis, Afrikaans, Engels of Kunsgeskiedenis

Met hierdie vakkeuse sal 'n student goed voorbereid wees om in 'n museum te werk, as toerleier op te tree of om marknavorsing te doen.

Daar is ook in BA Geesteswetenskappe baie ander kombinasies van hoofvakke moontlik byvoorbeeld:

- Geestelike ontwikkelingswerker: Sosiologie en Bybelkunde
- Toerismebestuurder: Geskiedenis en Toerismebestuur
- Politieke analis of ambassadepersoneellid: Politieke Studies en een van Geskiedenis, Sosiologie, Sosiale Antropologie, Openbare Bestuur en Regering
- Marknavorser: Sosiologie en Bedryfsielkunde
- Nuuskommentator: Twee uit byvoorbeeld Geskiedenis, Sosiologie, Sosiale Antropologie of Politieke Studies (kommunikasiestudies word in die eerste jaar as byvak geneem)
- Sielkundige: Sosiologie en Psigologie

Toelatingsvereistes: Graad 12 met universiteitstoelating en 'n APS-telling van minstens 20.

Hierdie program bied toelating tot die honneursgrade wat volg op die hoofvakke wat in die program gekies is en die honneursgraad in Ontwikkeling en Bestuur: Volhoubare Ontwikkeling.

Vakke in Skool vir Sosiale en Owerheidstudies

Die volgende vakke word in hierdie skool aangebied:

- Geskiedenis en Antieke Kultuur. Hierdie vak kyk veral na die historiese handelinge van mense in samelewingsverband. Kontakpersoon: Prof. Gerhard Oosthuizen, 018-2991597, gebou F13, kamer G09.
- Openbare Bestuur en Regering. Hierdie is 'n bestuursvak wat beleidsvorming en die implementering daarvan bestudeer. Kontak: Dr. Eric Nealer, 018-2994332, gebou F13, kamer 118.
- Politieke Studies. Hierdie vak fokus veral op georganiseerde konflik/dispute in samelewings en die oplossing daarvan deur die openbare besluite wat regerings neem. Kontak: Prof. Andre Duvenhage, 018-2991750, gebou F13, kamer G34.
- Sosiale Antropologie. Hierdie vak kyk na die konteks van sosiale handeling – van die plaaslike tot die globale konteks daarvan. Kontak: Mnr. Andre Goodrich, 018-2994334, gebou F13, kamer 118.
- Sosiologie. Hierdie vak bestudeer die aard van die samelewing en die interaksie tussen mense. Kontak: Prof. Freek Cronjé, 018-2991753, gebou F13, kamer 112.

Hierdie is vakke wat bestudeer word deur studente wat 'n verskil in die samelewing wil maak en dit gaan doen.

Skoolkontakbesonderhede

Direkteur:
Prof. Johan Zaaiman,
018-2991627,
gebou F13,
kamer 117.

Sekretaresse:
Mev. Carma Geldenhuys,
018-2991754,
gebou F13,
kamer 115.